

16 Julie 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 23

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by produksie@nhk.co.za



Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhk.co.za
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12

VOORBLAD

God stuur ons almal uit om hoop te bring

In die lig van die onlangse debat in die media oor vroue as predikante, deel ds Kotie Mc Donald, wat pas haar 25ste ampsjubileum gevier het, met ons iets van haar belewenis as predikant. (Redakteur)

...ek was bly daaroor dat u Naam oor my uitgeroep is, Here, almagtige God. (Jeremia 15: 16b)

Om deur God geroep te wees, is 'n voorreg. Om diensbaar in sy kerk te wees, is verrykend. Vir die gawes wat God my gee om in sy Koninkryk te werk, is ek diep dankbaar. Om reeds vir 25 jaar die evangelie te mag verkondig, as mens en as vrou – dit is net genade!

'n Paar jaar lank kon ek in die Kerk werk as gemeentepredikant in Roodepoort. Dit was 'n uitdaging waarvoor ek diep dankbaar is. Daar was baie geleentheid om te leer en te groei. Ek was ook in die gemeenskap betrokke en kon my daar uitleef. Die gemeenskap het my as vrouepredikant goed aanvaar.

Nadat die standplaas by Gemeente Roodepoort opgehef is, het ek in verskeie gemeentes van die Kerk gepreek. Ek het die afgelope paar jaar baie gemeentes se vriendelikheid, goedhartigheid, liefde en gasvryheid belewe. My oë het oopgegaan vir die dienswerk wat vroue en mans in die Kerk doen. Daarsonder sal die Kerk veel armer wees! Ons is gelukkig om in die Kerk nog eerbied aan te tref vir die Woord en die bedienaars van die Woord. As vrou kan ek regtig daarvan getuig dat ek met net soveel agting en respek behandel word as manspredikante.

Om die ondersteuningstruktuur van 'n gemeente te verloor, was moeilik. Ek het baie dae twyfel en eensaamheid beleef. Soms het ek getwyfel aan die rigting wat ek ingeslaan het. Tog moes ek leer dat God 'n mens ook krag gee vir die eensaame pad. Hy is die Een wat in alle omstandighede saamgaan! Hy help ons ons twyfel oorwin. Hy bly steeds die Opdraggewer van elke predikant en steeds die Bou-Heer van sy Koninkryk! Hy is die Heer van ons lot. Ek moes leer dat Hy bepaal waarheen ons op pad is.

Die Here self kan ons help om onwrikbaar te glo. Hy alleen help ons om met innerlike sekerheid Jesus Christus aan te wys as die enigste hoop op verlossing! Hy gee elke predikant oortuigingsmoed vir die taak waarvoor hy of sy geroep is.

Om ma en predikant te wees, vra soms aanpassings en opofferings. Baie aande moes ek laat uitgaan en lidmate, vriende, oupas en oumas het maar gehelp! Met 'n bietjie beplanning en organisering kon ons baie dinge reël en uitsorteer. Ek sou egter nie my lewe anders wou hê as om ook 'n vrou en ma te wees nie. Ons is met heelwat praktiese sake gekonfronteer, maar met kreatiewe en innoverende denke was dit interessant om oplossings te kry! In sekere opsigte het ons seker unieke situasies. Tog is daar ook groot ooreenkomste met ander predikantegesinne en ander gesinne waar albei ouers werk.

In sekere opsigte is daar nog groot baanbrekerswerk wat deur vrouepredikante gedoen moet word. Ek beleef dit nietemin as 'n wonderlike tyd waarin ons leef, waar die Heilige Gees uitgestort is op mans én vroue! God stuur ons almal uit om in 'n stukkende en gebroke wêreld hoop te bring. Hy gebruik elkeen van ons in sy diens.

Ds Kotie Mc Donald



BEROEPE EN STANDPLASE

Beroep ontvang

- **Ds Jaco van Sittert** van Pietermaritzburg (deelsorg) na Randburg (volsorg)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Emerituspredikant Theuns Botha** het verlede week twee beroerte-aanvalle gehad. Hy is tans in die Unitas-hospitaal en dit gaan onder die omstandighede goed met hom.
- **Ds Jan Rossouw** van Gemeente Trichardtsfontein het op 14 Julie 'n hartomleidingsoperasie in die Eugene Marais-hospitaal ondergaan. Dit gaan ook goed met hom.
- **Ds Hans Britz** van Otjiwarongo/Outjo is tans in die hospitaal. Daar was 'n gewas in sy bors wat verwyder moes word. Hy het op Woensdagoggend 15 Julie weer 'n operasie ondergaan nadat hy inwendig begin bloei het. Die Kerk se voorbidding word gevra vir al drie hierdie predikante en hul gesinne.
- **Ds Piet Steenkamp** is, na sy gesprek verlede week met die Moderamen, beroepbaar gestel in die Kerk.
- **Die volgende predikante verjaar van 17 tot 24 Julie**, en word hartlik geluk gewens:
 - Vrydag 17 Julie: Di Johan Greyling en Hannes van der Merwe
 - Maandag 20 Julie: Ds Mari du Plessis-Manders en dr Gert Volschenk
 - Dinsdag 21 Julie: Di Hannes Jansen van Rensburg en Adam Zwarts
 - Woensdag 22 Julie: Ds Kalfie Loots
 - Donderdag 23 Julie: Ds Juanita du Preez
 - Vrydag 24 Julie: Ds Henk Pienaar
- **Gemeente Vaalpark** het 'n **vakature vir 'n orrelis**. Aansoeke moet **voor 26 Julie** gerig word aan die administratiewe beampte, Dorea du Bruyn, by Posbus 61184, Vaalpark 1948, of per e-pos na **vaalpark@nhk.co.za**. Skakel die gemeentekantoor by 016 971 1999 of 083 225 7391 of stuur 'n faks na 086 636 1037.
- Die ring van Bronkhorstspruit bied 'n **Diakenstoerustingskursus** aan op **Saterdag 1 Augustus** by Gemeente Delmas. Kontak Marlene Greeff by **mgreeff@nhk.co.za** of 083 487 1339, 013 656 1621 (werk) of 013 692 7361 (huis) voor 16 Julie.
- **Gemeente Rooihuiskraal** bied 'n **Huweliksverrykingstoer** na die Krugerwildtuin aan van **Saterdag 8 tot Maandag 10 Augustus** (oor die langnaweek). Bespreek by dr Gerhard Lindeque by 082 374 8703 of **gclindeque@absamail.co.za**.
- **Gemeente Noordelike Pretoria** bied op **Vrydag 21 Augustus** 'n **Klokkespelvertoning** aan in hul kerkgebou by 12de Laan 520, Gezina. Die vertoning begin om 19:00. Sjerrie, sop en broodjies is ingesluit by die prys van R50 per persoon. Kontak Lydia Strauss by 083 414 5161. Donasies sal die aand gekollekteer word vir Transwêreld Radio. Gottfried Schiele gebruik 37 handklokke tydens sy optredes. Die grootste weeg 1 219 g en het 'n deursnee van 17 cm; die kleinste weeg 227 g en het 'n deursnee van 6 cm. Hy werk by Transwêreld Radio waar hulle in meer as 200 tale uitsaai om mense te vertel van Jesus Christus.

Basaars en ander fondinsamelings

- **Gemeente Roedtan** bied 'n **jagkompetisie** aan ter waarde van R30 000. Die koste is R50 per kaartjie en die trekkingsdatum is **Sondag 19 Julie**. Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, 015 667 0045 of **redinex@mweb.co.za**.
- **Gemeente Noordelike Pretoria** en die Mootsorgsentrum bied op **Dinsdag 28 Julie** die **Noordes Gholfdag** aan by die Akasia-buitekлуб. Navrae kan gerig word aan Hendrik Pieterse by 082 447 3286 of Gerdi Wolfswinkel by 082 262 1224.
- Die **to care foundation** se **gholftoernooi** wat vir 30 Julie beplan is, is uitgestel. Inligting oor die nuwe reëlings sal later beskikbaar wees.



- **Gemeente Klerksdorp-Oos Mōrester** bied op **Vrydag 14 Augustus** 'n **biltongete en dans** aan. Kontak Veronica Blake by 082 969 1302, Petro Coetzee by 083 400 3250 (na ure 018 468 7070), of ds Stephan Botha by 018 462 9437.
- **Gemeente Rustenburg-Tuine** bied op **Vrydag 14 Augustus** 'n vertoning van die *Ses Snare* in die Rustenburgse Burgersentrum aan. Bespreek by Amanda Bouwer by 014 533 0297 of 014 592 9984 (ná 13:00) of by 082 796 8828.
- **Gemeente Erasmia** reël 'n **Bybelstap** vir **Saterdag 15 Augustus** by die Voortrekkermonument. Skakel 082 962 2870 of 012 370 3513 vir meer inligting.
- **Gemeente Rustenburg-Tuine** bied op **Donderdag 20 Augustus** 'n **gholfdag** aan waarvan die volle wins ten bate van liefdadigheid sal wees. R12 000 gaan na Huis Prinsloo DPS-huis in Rustenburg, en die res van die geld na die Tuine-Uitreikprojek.
- Op **Saterdag 22 Augustus** tree Zak van Niekerk op by Laerskool Oosterkruin, Bataviastraat, Gerdview ten bate van **Gemeente Primrose-Oos se Saadjieprojek**. Kontak Janita Swanepoel by 082 562 9628, Annelie Swanepoel by 082 870 7795 of Antoinette Jacobs by 071 672 6794.
- **Gemeente Springs-Oos** se **feesbasaar** vind plaas op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** by die Driehoekterrein in Lodeyko, Springs. Op **Woensdag 9 September** bied hulle 'n **formele ete** met kunstenaar Gerhard Steyn aan in Springs se Burgersentrum. Kontak mev Adele Roets by 011 362 2570 na ure of Katrien Prinsloo by 011 815 1376.
- Die bestuur van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** beplan 'n **Gholfkompetiesie** vir **Dinsdag 22 September**. Kontak Marius Kramer by 082 346 7258, Elritia le Roux by 083 503 4262, Tiaan Loedolff by 073 529 1538, of Lise-Marie Swanepoel by 083 943 4561.
- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.
- **Gemeente Magaliesmoot** hou van 2 to 5 Desember 'n **Kersmark**. Belangstellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

ANDER NUUS

- **Die Raad vir Regsadvies** kom op Maandag 20 Julie om 17:00 in 'n buitengewone vergadering byeen in die Raadsaal.
- Die gewone vergadering van **die Moderamen** wat geskeduleer was vir Donderdag 23 Julie, vind nie meer plaas nie aangesien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) op dié dag in 'n **buitengewone vergadering** byeenkom.
- Die Finansiële Komitee van **Die Ondersteuningsraad** vergader op Donderdag 23 Julie.
- **Die Dagbestuur** van die **Algemene Diakensvergadering (ADV)** vergader op Vrydag 24 Julie.
- Die **Barmhartigheidsdiens van die Kerk** het 'n vakature vir 'n **Rekenkundige Beampte** in die Rekenmeester se kantoor. Die kandidaat moet oor minstens Graad 12 met Rekeningkunde as vak beskik, en minstens 4 jaar ervaring van rekenkundige werk hê. Rekenaarvaardighede in Pastel en MS Office (meestal Excel) is noodsaaklik. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie**. Stuur u CV aan mnr Piet Beukes, Mannekragbestuurder, per e-pos na piet@nhk.co.za of per faks na 086 630 5150. Skakel hom by 012 322 8885 x251 vir meer inligting.

Kerklke Feesdae 2010 (sien Diensboek bladsye 20 tot 27)

3 Januarie 2010

Epifaniesondag (naaste aan 6 Januarie)

PAASKRING

21 Februarie 2010

Lydenstyd

Eerste Lydensondag

28 Februarie 2010

Tweede Lydensondag

7 Maart 2010

Derde Lydensondag

14 Maart 2010

Vierde Lydensondag (ingetoë sangdienste vir die Lydenstyd)



21 Maart 2010
28 Maart 2010
2 April 2010

Vyfde Lydensondag
Sesde Lydensondag
Goeie Vrydag

4 April 2010
11 April 2010
18 April 2010
25 April 2010
2 Mei 2010
9 Mei 2010
13 Mei 2010
16 Mei 2010
23 Mei 2010

Opstanding / Paastyd

Paassondag (eerste Sondag van die Opstanding)
Tweede Sondag van die Opstanding
Derde Sondag van die Opstanding (Paassangdienste)
Vierde Sondag van die Opstanding en Dankdag vir die Oes
Vyfde Sondag van die Opstanding
Sesde Sondag van die Opstanding
Hemelvaart (40 dae na die Opstanding)
Sewende Sondag van die Opstanding
Pinksterfees (50 dae vanaf Paassondag)

VOLHEID VAN GOD

30 Mei 2010

Trinitatis

Drie-eenheidsondag

22 Augustus 2010
24 Oktober 2010
31 Oktober 2010

Koninkryktyd

Bartolomeusnag
Biddag vir die Gesaaides
Hervormingsfees

November 2010

Eskatologie (Weerkoms)

KERSKRING

28 November 2010
5 Desember 2010
12 Desember 2010
16 Desember 2010
19 Desember 2010
25 Desember 2010
2 en 9 Januarie 2011

Advent, Kersfees en Epifanie

Eerste Adventsondag
Tweede Adventsondag
Derde Adventsondag
Geloftedag
Vierde Adventsondag
Kersdag
Epifaniesondae

KOMMENTAAR

“ Die *e-Hervormer* tref vinnig en ver. In die uitgawe van 2 Julie is ’n beriggie geplaas oor Gemeente Bellville se nuwe webblad by <http://www.nhkbellville.co.za/>. Binne ure na die verspreiding van die betrokke *e-Hervormer* het die kykersyfer na hierdie webblad opgeskiet, en tans staan dit op 809, waarvan 72 kykers in Europa gesetel is en 36 in die VSA! Dit is duidelik dat die multimediategnologie uitstekende geleenthede bied om lidmate en ander belangstellendes oor die hele wêreld vinnig en doeltreffend te bereik. Dankie aan die *e-Hervormer* wat tot hierdie sukses bygedra het. ”

Len Loader, Gemeente Bellville

“ ’n Mens maak jou sekerlik skuldig aan onbetrokkenheid as jy nie reageer nie, en terwyl ek nou deur hierdie interessante geselsforum op die Kerk se webblad blaai, besef ek: Annatjie, jy geniet jou *Hervormer*; jy lees dikwels dinge wat jou ontstel, wat jou ongemaklik laat voel, laat dink. EN jy geniet dit. Maar jy sê dit vir niemand nie. Baie dankie, Redaksie. Dit is en bly ’n wonderlike voorreg om *Die Hervormer* (en ander kerklike leesstof) te ontvang en te lees. Dit is van hoë gehalte en die leesstof is leersaam, sinvol en met baie omgee geskryf. Mag elke oomblik vir u ’n mooi oomblik wees. ”

Annatjie, Pietersburg

**Lesers kan per SMS kommentaar lewer
oor die inhoud van *Die Hervormer* of die *e-Hervormer*,
of kan ’n standpunt stel.
Stuur u SMS teen die normale tarief na 071 229 8903.**



AGTERBLAD

Prof Bart Oberholzer op 81 weer bekroon

Na 41 jaar diens in die Kerk het prof Bart Oberholzer in 1992 as dekaan en hoogleraar by die Teologiese Fakulteit Afdeling A aan UP uitgetree en emeritaat aanvaar. Hy het egter nooit afgetree nie. Nie eers 'n tweede hartvatomleiding wat hy in 1997 moes ondergaan, kon hom stuit nie. Hy het bly woeker op talle terreine van die Kerk, teologie, Bybelvertaling en kultuurgeskiedenis.

Sewentien jaar na sy aftrede, op die ouderdom van 81 jaar, is hy op 27 Junie vanjaar opnuut vereer. Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns het die Ds Pieter van Drimmelen-medalje aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en in die besonder aan die hoofredakteur, prof Bart Oberholzer, en sy medewerkers vir die vertaling van *Die Bybel vir Dowes* toegeken. Die toekenningsgeleentheid het op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein plaasgevind, en het saamgeval met die eeufeesjaar van die Akademie.

Prof Jan du Rand se motivering het so afgesluit: *Die redakteur van Die Bybel vir Dowes, prof Bart Oberholzer, is 42 jaar betrokke by Afrikaanse Bybelvertaling vanweë sy grondige kennis van die Semitiese tale. Hy was ondervoorsitter van die Eindredaksie van die 1983-vertaling en ook voorsitter van die redaksie van Die Verwysingsbybel. Die projekte verbonde aan Die Verwysingsbybel (1998) en Die Bybel vir Dowes (2008) het hy na sy aftrede met onderskeiding uitgevoer. Dit is die oortuiging van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns dat hierdie unieke en werklik eerste vertaling van sy aard 'n waardige ontvanger van die Ds Pieter van Drimmelen-medalje is.*

Dit is die tweede keer dat hierdie medalje aan prof Oberholzer toegeken word. In 1996 het hy dit in sy hoedanigheid as ondervoorsitter van die Eindredaksie ontvang vir sy bydrae tot die *1983-Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling*. Hy en sy medevertalers het vanaf 1971 die vertalings van medewerkers gekontroleer en geredigeer, maar in die besonder was hy persoonlik verantwoordelik vir die vertaling van altesaam byna een derde van die Ou Testament!

Die Bybel vir Dowes

Doofgebore mense is dikwels eensame mense wat nie normaal kan kommunikeer nie. Hulle is van gesigsuitdrukkinge en gebaretaal afhanklik. Waar mense wat normaal kan hoor, gesproke taal deur veral nabootsing en verbale kommunikasie leer, het kultureel dowes eiesoortige taal- en leesbehoefte. Soos gebaretaal moeilik is vir horendes om te verstaan, so is gewone skryftaal, soos dit byvoorbeeld in die Bybel voorkom, baie moeilik vir dowes om te verstaan.

Die taalgebruik en keuse van terme in dié Bybel moes baie duidelik, eksplisiet en eenduidig wees en so ver moontlik van dowes se beperkte woordeskat gebruikmaak. Abstrakte en passiewe begrippe en modaliteite (soos "al *sou* ek die tale van mense en engele spreek") moes vermy word. Homonieme (woorde met meer as een betekenis, soos "skep") moes baie selektief gebruik word. 'n Dowe kan verstaan dat water geskep word, maar nie dat God die wêreld geskep het nie.

Die projek om die Bybel vir die dowes te vertaal, is in Januarie 1997 aan prof Oberholzer (voorsitter) en ses medewerkers opgedra. Twee van die medewerkers, mej E Roux en dr R Hough, is deskundiges op die gebied van dowetaal en het deurlopend die vertaling by die dowes getoets. Die Bybel beslaan 2 038 bladsye en bevat 17 869 verduidelikende voetnote en 74 illustrasies. Dit is 'n noukeurige vertaling van die grondteks in verstaanbare en keurige Afrikaans, en is die heel eerste dokument vir die dowes in hulle taal. Die vertaling is geesdriftig deur die dowe gemeenskap ontvang en het ook wyer aftrek gekry.

Louise Geysler

*** *Die Bybel vir Dowes* kan van die Bybelgenootskap bestel word, by 011 970 4010. Dié vertaling is so konkreet en duidelik dat dit veral vir kinders geskik is. Dit is mettertyd ook onder die titel *Die Bybel vir almal* uitgegee, en as basisteks gebruik vir die nuwe graad 3-kategeseboeke. Bestel *Die Bybel vir almal* by mev Susann van Zyl van SENTIK, by 012 322 8885 x232, faks 012 322 7906, of sentik@nhk.co.za. Die prys is R129 (posgeld uitgesluit).

Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse